leef IN CHRISTUS

Saam in Christus

DeoGloria
Leeming

INHOUD

	Page Nr
Inleiding	5
Week 1: Dien mekaar	
Persoonlike Studie	9
Groepbespreking	17
Week 2: Julle moet mekaar liefhê	
Persoonlike Studie	21
Groepbespreking	29
Week 3: Ken God deur Christus	
Persoonlike Studie	33
Groepbespreking	39
Week 4: Vertrou God	
Persoonlike Studie	43
Groepbespreking	49
Week 5: Gehoorsaam Christus en Sy Gees	
Persoonlike Studie	53
Groepbespreking	60

	Page Nr
Week 6: Sy vrede	
Persoonlike Studie	65
Groepbespreking	72
Week 7: Bly in Jesus	
Persoonlike Studie	77
Groepbespreking	85
Week 8: Dra vrug	
Persoonlike Studie	91
Groepbespreking	98
Week 9: Moenie moedeloos wees nie	
Persoonlike Studie	103
Groepbespreking	110
Geheueverse	113
Bronne	115

INLEIDING

Die eerste 12 hoofstukke van die Evangelie van Johannes handel oor die drie jaar van Jesus se openbare bediening. Sy boodskap aan die wêreld word duidelik gestel: Hy wat in Jesus glo, sal lewe.

Johannes 13–17 is die “afskeidsboodskap” van ons Here aan sy dissipels, wat lei tot Sy Hoëpriesterlike gebed vir hulle en vir ons. Ander afskeidstoesprake in die Skrif is deur Moses (Deuteronomium 31–33), Josua (Josua 23–24) en Paulus (Handelinge 20) gegee.

In hoofstukke 13–17 vind ons dat Jesus sy volgelinge intiem leer. Hierdie vyf hoofstukke vertel van die laaste maaltyd wat hulle saam gehad het en van die gesprek wat tydens die maaltyd plaasgevind het. Dit vertel van Jesus se laaste paar uur saam met sy volgelinge op aarde voor sy dood. Dit is egter meer as dit. Dit vertel eintlik van die verhouding tussen Jesus en sy kerk. Wat Jesus vir sy volgelinge sê, geld ook vir sy kerk deur die eeue heen.

In 'n vorige reeks het ons gefokus op die belangrikheid van 'n ontvanklike hart vir die Evangelie en dat dit sal wys in die vrug van ons lewens wat in toewyding aan God groei. In hierdie reeks gaan ons kyk na wat dit beteken om in

Christus te leef - wat in ons lewens moet verander en hoe dit vir ander sigbaar moet wees.

Warren Wiersbe het geskryf: "*The evidence of true sonship, discipleship (John 15:8), and friendship (John 15:15) is fruit. "Wherefore by their fruits ye shall know them" (/Mathew 7:20). Where there is true fruit, it remains; man-made "results" eventually disappear. Fruit has in it the seed for more fruit, so the process goes on and on. Whatever is born of the Spirit of God has the mark of eternity on it, and it will last.'*

Ons bid dat jy, terwyl jy hierdie studie doen, aangemoedig sal word om in jou geloof te groei en vrug te dra.

Soli Deo Gloria

leef IN CHRISTUS

Week 1

Dien mekaar

Geheuevers:

Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen.

Johannes 13:15

Saam in Christus

DeoGloria
Leeming

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 13:1-17

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Elke mens wil graag ‘n betekenisvolle lewe hê. Dit is ook waar van elke gelowige. Wanneer Jesus dus in Johannes 13 - 17 so duidelik en indringend met Sy dissipels praat, begin elkeen van hulle Jesus op ‘n nuwe wyse volg. Jesus lewer nie net ‘n boodskap nie, Hy praat baie intiem met Sy volgelinge. Hy gee duidelike riglyne hoe om ‘n lewe van toewyding aan Hom te lei.

Hierdie boodskap is ook op elkeen van ons van toepassing. Dis asof Jesus Sy hand op elkeen van ons se skouer kom plaas en sê: *“Dit is wat jy moet doen ...”*

Dit is daarom insiggewend dat Johannes kies om die vyf hoofstukke oor Jesus se gesprek en handelinge met Sy dissipels die laaste aand voor Sy dood, te begin deur die detail te beskryf van wanneer en hoe Jesus Sy dissipels se voete gewas het.

STUDIE VRAE:

Lees verse 1-3

Wat word in verse 1 tot 3 van Jesus gesê wat ons van Sy grootheid bewus maak?

_____
_____

Wat beteken dit dat Hy hulle tot die uiterste toe liefgehad het? Hoekom is dit belangrik?

_____
_____

Op watter maniere het die duiwel alreeds vir Jesus en Sy dissipels aangeval? Wat het gebeur met die een wat nie vir Jesus liefgehad het en nie Sy woord aanvaar het nie? (Sien ook Johannes 6:67-71 en 12:4-6). Wat kan ons hieruit leer?

_____
_____

Ons vergeet dikwels dat Jesus al die tyd terwyl alles daardie aand om die tafel tot by Getsémané gebeur het, geweet het waarmee Judas besig was, al het die dissipels van niks geweet nie. Ek en jy sou dit uiters moeilik gevind

het om normaal aan te gaan sonder om heeltyd daaraan te dink. Jesus gaan voort en benut elke oomblik om Sy dissipels voor te berei vir wat kom!

Lees verse 4-5

Watter verskillende handelinge verrig Jesus hier en wat is die bedoeling of betekenis van elkeen van hierdie aksies?

_____
_____
_____
_____

Wat het Jesus Sy dissipels geleer deur hulle voete te was? Hoe is hierdie daad ‘n uitdrukking van liefde?

_____
_____

Voetwassing was ’n algemene gebruik by maaltye destyds. Omdat mense op hulle sye langs die tafel “aangelê” het, was die een se kop naby die ander se voete wat sopas myle op die stofpaaie geloop het in leer sandale of skoene – daarom het die gasheer gewoonlik iemand gehad om hulle voete te was.

Dit was sulke vernederende slawewerk, dat Joodse slawe nie gevra is om die voete te was as daar ander slawe beskikbaar was nie. As die gesin arm was en daar glad nie slawe was nie, het die vrou van die huis dit gedoen. In elk geval moes die een wat die onbelangrikste was, hierdie werk doen. Daarom is dit so merkwaardig dat Jesus dit hier doen.

Jesus se daad aan tafel wat Johannes in hierdie verse beskryf, was iets wat niemand ooit sou verwag het nie – die Een wat hulle as die BELANGRIKSTE in daardie vertrek beskou het verrig die taak van die een wat in daardie huis die onbelangrikste was. In Jesus se teenwoordigheid word die natuurlike verhoudinge omgekeer in ‘n ongevraagde, en daarom treffende, daad van nederigheid. Dit staan in skrille kontras met die dissipels se gedurige getwis oor wie die belangrikste in die koninkryk van die hemele sal wees!

_____

_____

Lees verse 6-11

Wat het Petrus gesê toe Jesus by hom kom? Hoekom?

_____

_____

Hoekom het Jesus daarop aangedring dat Hy Petrus se voete was? Hoekom het Petrus Hom wel toegelaat om dit te doen?

_____

_____

Hoekom moet ons Jesus se genade aanvaar ten einde ‘n liefdesverhouding met Hom te kan hê? Wat beteken vers 10? (Sien ook Johannes 15:3).

_____

_____

_____

Petrus wil nie deel wees van die vernedering van sy Meester nie. Dit is hoekom hy aanvanklik geweier het dat Jesus sy voete was. Petrus se weerstand is verteenwoordigend van die mens se verset teen genade – dit sit in ons bloed dat ons van niemand afhanklik wil wees nie, selfs nie eers van God nie. Wat Petrus moes leer, is dat deur die kruis van Jesus die mag en liefde van Jesus duidelik gaan word.

Deur Sy gesprek met Petrus wou Jesus egter vir hulle almal ‘n groter les leer: Sy Koninkryk werk anders as die waardesisteme van hierdie wêreld. Eintlik keer dit die waardesisteme van hierdie wêreld heeltemal om. God se

mag en liefde lê in opoffering. Wie dit nie wil aanvaar nie, sal ook nie verstaan dat God mense deur die vernedering van die kruis kan red nie. As iemand nie ’n lydende Messias wil aanvaar nie, sal hy of sy nooit deel kan hê aan die verlossing wat Jesus bewerk nie.

Lees verse 12-17

Hoe verduidelik Jesus die betekenis van wat Hy gedoen het aan die twaalf die dissipels?

_____
_____

Hoe wou Hy hê dat hulle hul liefde vir Hom moet uitdruk en ook teenoor mekaar?

_____
_____
_____

Hoe kan jy prakties Jesus se liefde teenoor ander uitdruk?

_____
_____
_____

SLOTOPMERKINGS:

In sy kommentaar op Johannes 13 skryf Warren Wiersbe die volgende: *"Jesus was the Sovereign, yet He took the place of a servant. He had all things in His hands, yet He picked up a towel. He was Lord and Master, yet He served His followers. It has well been said that humility is not thinking meanly of yourself; it is simply not thinking of yourself at all. True humility grows out of our relationship with the Father. If our desire is to know and do the Father's will so that we might glorify His name, then we will experience the joy of following Christ's example and serving others."*

Net soos die dissipels daardie nag, het ons vandag hierdie les in in nederigheid uiters nodig. Die kerk is vol van die wêreldse gees van kompetisie en kritiek soos gelowiges met mekaar stry oor wie die belangrikste is. Ons groei in kennis, maar nie in genade nie (sien 2 Petrus 3:18). Andrew Murray skryf: *"The lack of humility is the sufficient explanation of every defect and failure."*

Jesus het Sy dissipels gedien vanuit Sy nederigheid en liefde. As Jesus voete gewas het, moet ons dit soveel te meer doen. Die gelowige het geen keuse as om sy/haar broer of suster se voete te was nie. Christelike liefde lê in

self-verloënde diens, en self-verloënde diens IS Christelike liefde.

GEBED:

Dank jou Hemelse Vader dat Hy Sy Seun vir jou gestuur het as jou persoonlike verlosser.

Dank Jesus dat Hy vir jou die voorbeeld van liefde en nederigheid gewys het. Vra Hom om jou te leer om in Sy voetstappe te volg.

Vra vir Vader om jou te help om jou Christelike liefde te deel deur ‘n lewe van self-opofferende diens te lei.

Vra Hom om vir jou geleenthede om te dien te wys.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen.

Johannes 13:15

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 13:1-17

Besprekingsvrae

Wat is die basis van enige dade van diens, volgens Johannes 13:1?

_____

_____

Vergelyk Johannes 13:6-9. Hoekom dink jy wou Petrus aanvanklik nie vir Jesus toelaat om sy voete te was nie? Wat sou JOU reaksie wees as Jesus jou voete wou kom was het?

_____

_____

Wat Jesus Sy dissipels die nag voor Sy dood geleer het, is ook op ons van toepassing. Vergelyk Johannes 13:14-17 and Johannes 13:34) en bespreek wat dit is wat Jesus elke gelowige beveel om te doen.

_____

_____

Deel en bespreek praktiese maniere hoe julle as groep, sowel elkeen individueel, ander kan dien met die liefde van Christus.

_____

_____

Sluit af met gebed

leef IN CHRISTUS

Week 2

Julle moet mekaar Liefhê!

Geheuevers:

Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.

Johannes 13:34

Saam in Christus

DeoGloria
Leeming

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 13:31-35 en Johannes 15:9-17

INLEIDENDE OPMERKINGS:

In hierdie Skrifgedeelte het die atmosfeer rondom die tafel verander. Judas is weg - die nag in. Sy vertrek het die groep gesuiwer, maar hulle word bewus gemaak van ‘n moeilike tyd wat voorlê.

Jan A du Rand skryf in sy boekie, *Liefdesnote in die Wingerdlote*, dat Jesus die enigste een is wat hierdie situasie kan red. Hy verduidelik vir hulle dat die lewe nie ‘n klein bondel van groot dinge is nie, maar ‘n groot bondel van klein dingetjies.

En dan lewer Jesus Sy “Soos” boodskap: Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. Jesus se woorde is reguit en op die man af. Hierdie is ‘n nuwe gebod. Dit is wat Jesus van ons vra. Dit is wat ons as ‘n lewensroeping moet aanvaar.

Johannes 13:31-38 kan beskou word as die agenda van die res van Jesus se afskeidsboodskap wat in hoofstukke 14 tot 17 volg; want elkeen van die onderwerpe wat in

verse 31-38 genoem word, word in hierdie volgende hoofstukke in meer detail bespreek.

STUDIE VRAE:

Lees verse 31-32

Wat sê Jesus oor homself en wat leer hy oor die verhouding tussen die Vader en die Seun?

_____

_____

Die Seun van die Mens gaan verheerlik word. Omdat Jesus se optrede so nou aan God se eer gekoppel is, sal God se grootheid en mag ook duidelik word as Jesus se mag duidelik word (Johannes 13:31). God self sal sorg dat die grootheid van Jesus sigbaar word. Hierdie uitsprake van mag en grootheid verwys natuurlik na die kruisgebeure. Wanneer Jesus aan die kruis sterf en weer opstaan, sal dit onbetwisbare bewys lewer van sy intieme verhouding met die God van lewe.

Lees Johannes 17:4. Wat beteken dit dat Jesus die Vader verheerlik?

_____

_____

Die manier hoe ons almal vir God verheerlik, is deur getrou te doen wat Hy ons roep om te doen!

Uit ‘n menslike perspektief is Jesus se dood 'n skandelike daad wat onuitspreeklike lyding en vernedering behels; maar vanuit die Goddelike perspektief was dit die openbaring van die heerlikheid van God.

Lees vers 33

Wat sê Jesus in hierdie vers oor Homself?

_____

_____

As Jesus weggaan, moet sy volgelinge optree soos van volgelinge verwag word. Hy is hulle Here wat hulle moet leer.

Lees vers 34

Watter nuwe gebod gee Jesus in vers 34? In watter opsig was dit “nuut”?

_____

_____

_____

Watter riglyn, of voorbeeld, gee Jesus vir HOE om lief te hê?

_____

_____

Die woord liefde word net twaalf keer in Johannes 1–12 gebruik, maar in Johannes 13-21 word dit vier en veertig keer gebruik! Dit is 'n sleutelwoord in Christus se afskeidsgesprek met sy dissipels, sowel as in sy hoëpriesterlike gebed in Johannes 17.

Die woord nuut beteken nie "nuut in tyd" nie, want liefde was selfs van die Ou Testamentiese tyd af belangrik vir God se volk (sien Levitikus 19:18). Dit beteken 'vars, nuut in ervaring'. Dit is die teenoorgestelde van 'verslete'. Liefde sou 'n nuwe betekenis en krag kry as gevolg van die dood van Christus aan die kruis (Johannes 15:13).

Coenie Burger sê Johannes 15:9-17 kan beskou word as "'n kommentaar en verduideliking op die nuwe gebod van Johannes 13:34". In Johannes 15:9 wyk Johannes nou af van die taal van die beeld van die wingerdstok, maar die saak bly dieselfde: Soos die Vader Jesus liefhet en ondersteun, so het Jesus die gelowiges lief. Hierdie woorde vertel van 'n sterk verhouding wat tussen die Vader, die Seun en sy dissipels bestaan.

Lees Johannes 15:9-10

Watter imperatief (opdrag) gee Jesus in vers 9 wat Hy in vers 10 herhaal?

_____

_____

Hoe kan ons in Sy liefde bly?

_____

_____

Lees Johannes 15:11

Watter rede gee Jesus vir Sy oproep dat ons in Hom moet bly?

_____

_____

_____

Lees verse 12-13

In vers 12 herhaal Jesus Sy opdrag om mekaar lief te hê. Wat is die grootste bewys van liefde? Hoe het Jesus Sy liefde bewys?

_____

_____

Jesus het kom wys wat die essensie van liefde is - ware liefde kom net van die Vader deur ‘n verhouding met die Seun.

Johannes skryf ook in sy 1ste Sendbrief oor volmaakte liefde - lees 1 Johannes 4:7, 9-11. Kan jy insien dat volmaakte Jesus-liefde baie meer behels as ‘n soort toegeneentheid, ‘n intimiteit of stroperigheid of net goeie bedoelinge, intense belangstelling of gehegtheid. Ja, hierdie dinge is alles deel daarvan, maar ware liefde is om bereid te wees om jou lewe af te lê vir dié een wat jy liefhet. Dit gaan om opoffering van jouself tot voordeel van ander. Jou eie belange is ondergeskik aan die belange van die ander en is altyd ten koste van jouself. Dit is LIEFDE!

Lees Johannes 15:14-15

Watter erkenning of “titel” gee Jesus vir elke volgeling wat Sy opdrag uitvoer, volgens vers 14?

_____

_____

Skryf in jou eie woorde wat vers 15 vir jou sê.

_____

_____

Is dit nie ‘n wonderlike versekering nie: Jesus is inderdaad ons Meester, maar Hy behandel ons nie as diensknegte nie. Hy behandel ons as vriende as ons doen wat Hy beveel.

Ons moet egter nie die betekenis van hierdie woord vriend beperk nie, want die Griekse woord beteken "n vriend van die hof' - met ander woorde die “binnekring” rondom 'n koning of 'n keiser. Die 'vriende van die koning' sou naby hom wees en sy geheime ken, maar hulle sou ook aan hom en sy bevele onderworpe wees. Daar is dus geen konflik tussen vriend wees en dienaar wees nie.

Lees Johannes 15:16-17

En dan, net voor hy die paragraaf afsluit, maak Johannes egter seker dat hierdie eer wat Jesus ons bewys, nie na ons koppe toe gaan en ons hoogmoedig maak nie. Lees vers 16 en vergelyk dit met Johannes 15:5c - dit het NIKS met ons te doen nie, dis Jesus wat ons gekies het!

Weer herhaal Johannes Jesus se opdrag vir elke dissipel van Jesus. Lees vers 17 en vergelyk dit met vers 4 en 1 Johannes 4:7 en 11, kyk in die spieël en skryf hier neer wat jy van nou af nie meer mag verontagsaam nie:

_____

_____

_____

SLOT OPMERKINGS

Ons vriendskap met Christus behels liefde en gehoorsaamheid. Maar dit behels ook kennis: Hy "laat ons in" sy planne in. Hy is ons Meester wat ons behandel as vriende.

Vriende van die Koning moet nie net Hom liefhê nie, maar ook mekaar! Dit maak Hom so bly as hy sien dat Sy vriende mekaar liefhet en dien en saamwerk om Sy gebooie te gehoorsaam!

GEBED:
Dank jou Hemelse Vader vir Sy liefde en genade
Dank Jesus dat Hy vir jou die voorbeeld van liefde getoon het en dat Hy bereidwillig was om Sy lewe vir jou op te offer.
Vra Hom om jou te leer om onvoorwaardelik lief te hê.
Vra Hom om vir jou geleenthede te wys om jou liefde aan medegelowiges te betoon en aan die res van die wêreld.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.

Johannes 13:34

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 13:31-35 en Johannes 15:9-17

Besprekingsvrae

Vergelyk Johannes 13:34 met Johannes 15:12. Wat presies is die Nuwe Gebod wat Jesus voor Sy dood vir Sy kerk gegee het?

_____

_____

Lees Johannes 15:9-10 bespreek die voorvereistes vir Jesus se Nuwe Gebod en die spesifieke voorwaarde om aan hierdie vereiste te voldoen.

_____

_____

Lees Johannes 15:13-15 en bespreek die belangrikheid daarvan dat Jesus sy toegewyde dissipels sy vriende noem.

_____

_____

In vers Johannes 15”17 herhaal Jesus die opdrag. Bespreek die resultate wat Jesus in die volgende verse belowe aan diegene wat Hom gehoorsaam:

Johannes 13:35 _____

Johannes 15:11_____

Johannes 15:16_____

Sluit af met gebed

leef IN CHRISTUS

Week 3

Ken God deur Christus

Geheuevers:

As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.

Johannes 14:7

Saam in Christus

DeoGloria Leeming

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 14:1-11

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Baie mense se adres is vir hulle belangrik, veral as hulle adres in die meer gegoede woonbuurt is. Dan lê hulle nogal klem op die voorstad waar hulle woon, en maak hulle seker dat die ander mense presies weet waar hulle woon.

God se adres vir mense was die aarde en alles wat Hy gemaak het, ’n plek waar Hy graag gekuier het. Maar dis by hierdie adres wat die slegste moontlike sonde plaasgevind het. Dit was so sleg dat die mense na die sondeval swerwers geword het, mense sonder adresse. Jesus sê op ’n stadium hulle is soos skape sonder ’n Herder.

Dis hier tussen die swerwers sonder rigting, waar Jesus, die Seun van God, Hom by die menseras aansluit. En dan kom gee Hy weer hoop en rigting, en wys Hy die weg, die pad terug na die Vader toe aan. En dan belowe Hy die wat in Hom glo, dat Hy teruggaan na Sy hemelse adres en dat Hy daar vir hulle, wat glo, ook ’n nuwe woonplek, ’n nuwe adres, gaan voor berei.

STUDIE VRAE:

Lees weer verse 1-4. Wat leer God se Woord jou hier aangaande God en jou nuwe ewige adres?

_____

_____

Hoe voel jy oor jou nuwe adres? Vir wie berei Jesus ’n plek voor in Sy Vader se huis. Hoe kom ’n mens daar?

_____

_____

Spandeer nou so ’n bietjie tyd in gebed. Dink oor jou huidige lewe (adres). Dank God dat Jesus die pad kom bou het, en besig is om jou nuwe huis te bou. Verbind jou opnuut weer aan Jesus. Dit help veel as ons weet van die nuwe adres, maar ons ken nie die pad na die nuwe adres. Maak seker dat jy weet hoe om by jou ewige adres uit te kom.

Lees weer verse 5-7. Jesus openbaar ’n paar ongelooflike waarhede in hierdie paar verse, wat lewensbelangrik is om te verstaan. Maak ’n lys van die waarhede wat jou ontdek.

_____

_____

_____

Oordink dan elke waarheid en skryf neer wat dit vir jou beteken.

_____
_____
_____
_____

Jesus is die enigste weg, daar is geen ander pad na ons nuwe adres toe nie. Nie ons beste werke nie, nie ’n goeie lewe nie, nie kerklidmaatskap nie, nie ’n Christelike opvoeding sal ons by God uitbring nie. Net blinde geloof en vertroue op en in Jesus.

Daar is ook geen ander waarheid as Jesus nie. Alle ander godsdienste is vals. Baie vals godsdienste beloof ’n wonderlike einde, maar dis byna onmoontlik om aan al die vereiste te voldoen. Jesus se “vereiste” is om te glo in die waarheid en dit is al.

Omdat Hy die enigste pad en die enigste waarheid is, kan Hy ook vir die wat in Hom glo, lewe gee. By ons nuwe adres gaan ons lewe. Al die pyn, al die trane, al die rond swerf is verby. Dis mos die ware lewe!

Lees Matteus 7:13-14

Hoe beskryf Matteus die pad na jou nuwe adres toe? Wat beteken dit om op die nou pad te loop? Watter goed moet jy van ontslae raak om deur die nou ingang in te gaan?

_____

_____

Wat is die verskil tussen om van Jesus te weet, en om Jesus te ken?

_____

_____

Hoe kan jy Jesus beter leer ken en wat bring dit vir jou as jy Jesus beter leer ken.

_____

_____

Lees weer Johannes 14:8-11. Hoe beskryf Johannes die verhouding tussen Vader en Seun? Wat kan jy leer oor jou verhouding met Vader en Seun.

Wie is die Vader vir jou?

_____

_____

En die Seun, Jesus Christus?

_____

_____

En die Heilige Gees?

_____

_____

Die Vader is in die eerste plek die Vader van Jesus. Jesus bewerk versoening tussen die adreslose swerwers en Sy Vader. Vir ons om te verstaan wat God se Vaderhart vir ons is, kan ons na die voorbeeld kyk wat God ons kom gee van Hom as Vader en Jesus as Seun. Die verhouding is baie spesiaal. Daarom is ons ook vir God baie spesiaal. Van Jesus se kant af kom wys Hy vir ons watter spesiale verhouding daar bestaan tussen ’n kind van God en God. Ons moet weet dat God as Vader van ons verwag om, soos dit kinders betaam, gehoorsaam te wees aan Sy wil.

SLOTOPMERKINGS:

Alle paaie lei nie na God nie, soos wat baie van die ander gelowe beweer nie. Hulle glo dat verskillende gelowe almal paaie is na een God. Jesus is baie duidelik, Hy gaan om vir gelowiges ’n plek by hulle nuwe adres voor te berei.

En die pad is nou, nie almal is bereid om alles prys te gee om op die regte pad te loop nie. Jesus sê hy is die pad, want Hy alleen verkondig die waarheid en net Hy alleen kan nuwe lewe, daar by mense se nuwe adres, gee. Jesus maak dit moontlik vir almal wat glo, om Hom en Sy Vader te ken.

As jy dit glo dan vra dit van jou nuwe toewyding, en gehoorsaamheid aan God.

GEBED:

Dank jou Hemelse Vader dat Hy jou, 'n swerwer sonder rigting, die weg na jou ewige adres in Jesus kom wys het. Vra Hom om jou te help om in gehoorsaamheid met Jesus op die nou pad te loop.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.

Johannes 14:7

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 14:1-11

Besprekingsvrae

Hoe beskryf Jesus sy Vaderhuis in hierdie gedeelte? Wat beteken God se huis vir jou?

_____

_____

Lees vers 6. Jesus beskryf Homself as die weg, die waarheid en die lewe. Bespreek elke term. Wat is die betekenis van elkeen van hierdie terme vir jou?

_____

_____

Jesus sê: Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie." In ons multi-geloof samelewing, klink dit arrogant, eksklusief en eng. Wat beteken dit vir jou? Dink jy dat God werklik in ander godsdienste gevind kan word? Hoekom/ hoekom nie?

_____

_____

Wat is die verskil tussen van 'om van Jesus te weet' en 'om Hom persoonlik te ken?' Waar staan jy ten opsigte van jou "ken" van Vader en Jesus.

_____

_____

Sluit af met gebed

leef IN CHRISTUS

Week 4

Vertrou God

Geheuevers:

Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.

Johannes 14:13

Saam in Christus

DeoGloria
Leeming

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 14:12-14

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Jesus en sy dissipels is die laaste aand van sy lewe in die bovertrek. Hy het die afgelope drie jaar saam met sy dissipels geleef, hulle geleer en saam met hulle bedien. En nou het die tyd aangebreek dat Hy 'n aan die kruis moet sterf.

Hy sê vir sy dissipels dat Hy op die punt staan om te sterf en dan sê Hy: *“Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen.”*

Die lewe van 'n Christen begin met geloof in die persoon en werk van Jesus Christus. Dit is geloof wat mense in staat stel om hul rug op sonde te draai. Ons werke red ons nie; die werke van Christus red ons.

Jesus sê vir sy dissipels dat hulle dieselfde soort werk sal doen as wat Hy gedoen het. Hulle sal ook onbaatsugtige opofferende liefde toon, wat vir ander goed is en God verheerlik. Dit is wat Jesus aan die kruis gedoen het.

Ons is geroep om lewens te lei wat gekenmerk word deur die liefde van Christus wat ons dring. Ons is geroep om dissipels van alle nasies te maak. Ons moet onsself beskikbaar stel om dissipels te maak en ons moet bereid wees om ons lewe te gee ter wille van die Evangelie.

Jesus gaan voort en sê: “hy (*hulle) sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan.”* Nou deur "groter dinge te doen" bedoel Hy nie wonderwerke en skouspelagtige dinge nie. Maar gelowiges sal die wêreld op 'n groter skaal kan bereik as wat Jesus kon doen. God sal die kerk gebruik om die nasies te bereik. Na Petrus se eerste preek onder beheer van die Heilige Gees, het drieduisend mense tot geloof in Christus gekom en die kerk het daarna vinnig uitgebrei.

Jesus het hulle ook belowe dat gebede in sy Naam verhoor sal word. Hy sê dat die rede waarom Hy ons sal gee wat ons in sy Naam vra, is sodat die Vader verheerlik kan word. Hy sê nie as jou maar net jou gebede met *'in die naam van Jesus'* afsluit, of as jy iets *'in die naam van Jesus'* eis, dat Hy aan jou versoek sal voldoen nie. Hy sê as ons in lyn met Sy wil bid ter wille van Sy naam, tot Sy eer, tot eer van God, dan sal Hy doen wat ons vra.

STUDIE VRAE:

Hoe kan ons groter werke doen as wat Jesus gedoen het? Waarna verwys dit?

_____

_____

_____

Wanneer ons Johannes 14:12 -13 lees, moet ons hierdie verse in hul konteks lees. Hulle is deel van Jesus se leer oor sy identiteit met die Vader. Dit is nie losstaande brokkies oor Christelike wonderwerk of Christelike gebed nie.

Ons moet diep nadink voordat ons outomaties aanvaar dat Jesus sê dat ons groter wonderwerke sal doen as wat Hy gedoen het. Die sleutelkonsep in die konteks is dat Jesus die Vader geopenbaar het. As ons in Hom glo, sal ander ook die Vader in ons sien.

Die openbaring van God in Jesus Christus was beperk tot 'n klein aantal mense. Die totale impak daarvan was klein. Nogtans, is die goeie nuus oor Jesus se redding, in ’n kort tydjie, deur ’n klein aantal gelowiges, tot aan die uithoeke van die aarde versprei.

Wat beteken dit vir jou om in die Naam van Jesus te bid?

_____

_____

Dink jy dat die beloftes wat Jesus in vers 12-14 oor gebed maak, is ’n “blanko tjek” belofte? Jy kan net vra wat jy wil hê, en jy sal dit kry? Verduidelik jou antwoord?

_____

_____

_____

Met die invoeging, “in My Naam”, beperk Jesus onmiddellik wat jy kan vra. Ons kan nie die naam van Jesus as 'n 'formule' gebruik om te kry wat ons wil hê nie. Dit is eerder 'n gebed wat voortspruit uit geloof in Christus, 'n gebed wat uitdrukking gee aan 'n eenheid met alles waarvoor Christus staan. Dis gebed wat probeer om Christus self na vore te bring.

Wanneer die Here Jesus ons gebede in sy naam verhoor, met Hom en sy agenda in die middelpunt, is die doel en die resultaat van sy antwoord op ons gebede om die Vader te verheerlik. Dit gaan nie oor ons en ons behoeftes en ons probleme nie.

Is om te bid, "Laat U wil geskied", in teenstelling met om in geloof te bid? Hoekom of hoekom nie?

_____

_____

_____

SLOTOPMERKINGS:

God wil hê dat ons Hom deur heilige lewens sal verheerlik. Ons moet so goed as wat ons kan bid in ooreenstemming met Sy geopenbaarde wil of begeerte, terwyl ons onsself terselfdertyd moet onderwerp aan die feit dat ons nie Sy wil of besluite ken nie. Jesus belowe om alles wat ons in sy naam vra te doen, maar Hy het nie gesê wanneer Hy dit sal doen nie. God mag verheerlik word nadat ons jare lank op Hom wag vir antwoorde op ons gebede. Hy mag dalk baie jare nadat ons gevra het, verheerlik word deur ons gebede te beantwoord, of self nie eers in ons leeftyd nie. Net omdat Hy God is. Hy weet die beste.

God bereik dikwels sy voornemens op maniere wat vir ons agterstevoor lyk. Ons bid dat die evangelie versprei, dan stuur God vervolging. Ons verstaan nie alles wat God doen nie, daarom kan ons sterf sonder om te weet waarom Hy skynbaar nie ons gebede verhoor het nie.

GEBED

Bid daagliks: "Ons Vader in die hemel, laat U naam geheilig word, laat U Koninkryk kom, laat U wil geskied op die aarde soos in die hemel." Dit is wat Hy wil hê. As jy dit bid, sal Hy dit doen.
Bid dat God jou geloof daagliks sal laat groei.
Vra God om jou te leer om meer op Hom te vertrou.
Vra Hom om aan jou, jou doel te openbaar en hoe jy 'n lewe kan lei wat Hom sal verheerlik.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.

Johannes 14:13.

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 14:12-14, Jakobus 4:2-3 en Matteus 7:7-8

Besprekingsvrae

Dink jy dat die beloftes wat Jesus in vers 12-14 oor gebed maak, ‘blanko tjek” beloftes is? Jy kan net vra wat jy wil hê, en jy sal dit kry? Bespreek.

_____

_____

Lees Johannes 14:13-14, Jakobus 4:2-3 en Matteus 7:7-8. Wat bedoel Jesus toe Hy gesê het: “Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen?' Wat leer jy oor gebed uit hierdie gedeeltes?

_____

_____

Hoe kan ons in geloof bid as ons nie God se wil of besluite ken nie? Kan ons in geloof bid dat God 'n spesifieke persoon sal red?

_____

_____

Hoe kan ons groter werke doen as wat Jesus gedoen het? Watter verband het Jesus se weggaan na die Vader toe, met die feit dat ons groter werke kan doen?

_____

_____

Sluit af met gebed

leef IN CHRISTUS

Week 5

Gehoorsaam Christus en Sy Gees

Geheuevers:

As julle My liefhet, sal julle my opdragte gehoorsaam.

Johannes 14:15

Saam in Christus

DeoGloria Leeming

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 14:15-26

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Hierdie gedeelte begin met die tema van liefde wat in hoofstuk 13 bekendgestel is. Hier het dit egter 'n effense ander fokus. In Johannes 13:34-35 was die fokus daarop om mekaar lief te hê, soos Jesus hulle liefgehad het. Hierdie opdrag word in Johannes 15:12-13 herhaal.

Maar hier word die fokus verskuif na om Jesus lief te hê, ("as julle My liefhet"). Om Jesus lief te hê beteken die persoon is iemand "wie my opdragte onderhou en gehoorsaam." Die vers beteken letterlik dat jou gehoorsaamheid 'n toets of aanduiding is van jou liefde vir Jesus.

Jesus het geweet dat Sy vereiste van liefde en die onderhouding van Sy opdragte sou vereis dat mense 'n bron van goddelike krag sou nodig hê, daarom het hy gebid dat sy volgelinge 'n 'ander' bron sou hê. Net soos ons nie ons saligheid kan verdien nie, verdien ons ook nie die Heilige Gees nie. Maar in die proses om op die Seun van God te reageer, kom ons agter dat Jesus vir ons 'n goddelike helper gegee het sodat ons in hierdie wêreld kan lewe.

STUDIE VRAE:

Lees verse 15, 21a en 23a

Hoe wil Jesus hê dat ons ons liefde vir Hom moet uitdruk?

_____

_____

Bybellees en Bybelse preke leer ons van Jesus en is belangrik, maar die bewys van ons liefde vir Jesus is om Sy opdragte te gehoorsaam.

Lees verse 16-17

Wie het Jesus belowe sal die Vader stuur?

_____

_____

Wie is “die Gees van die waarheid”? (Verwys ook na Johannes 14:6)

_____

_____

Jesus het belowe om Sy eie Gees, Sy eie asem, vir ons te stuur. Hier, en vir die volgende twee hoofstukke, gebruik Hy 'n spesiale woord om die Gees te beskryf. In vers 16

sê Hy dat die Vader vir ons ‘n ander “Raadgewer” sal gee. Hierdie “Raadgewer” of helper, is die Gees.

Die woord wat as “helper” vertaal word, is ryk en veelsydig. Dit beteken nie net iemand wat hulp verleen in ons verskillende take nie, alhoewel dit waar is. Dit beteken beslis ook dat die Gees God se volk die krag en energie gee om te doen wat hulle moet doen, om vir God te lewe en te getuig van Sy liefde in die wêreld. Maar dit beteken ook twee ander dinge. Die twee woorde wat soms gebruik word om te beskryf wat 'helper' beteken, is trooster en advokaat.

Definieer die twee woorde in jou eie woorde:

Trooster: _____
_____

Advokaat: _____
_____

Troos is 'n vreemde en wonderlike ding. Het jy opgelet hoe die feit dat ander mense by hulle is, hulle omhels en saam met hulle is, na 'n tragedie mense krag gee vir die toekoms, een oomblik na die ander? Uiterlik het niks verander nie, maar ander menslike ondersteuning verander ons vermoë om rampe te hanteer. Dit gee ons

krag. As daar van die Gees as die 'trooster' gepraat word, verwys dit na die krag om in spesiale behoeftes te voorsien.

'n Advokaat staan op in 'n geregshof en verduidelik aan die regter of die jurie hoe dinge vanuit sy of haar kliënt se oogpunt is. Die advokaat bepleit die saak. Jesus neem aan dat Sy volgelinge, net soos Hy, hulle dikwels aan die verkeerde kant van vervolging sal bevind. Hy sien die situasie in terme van die hemelse geregshof met God as die regter. In daardie hof kan Sy volk gerus wees dat hulle saak regverdig verhoor sal word, dat God voortdurend aan hul benoudheid herinner sal word, omdat die Gees namens hulle sal pleit.

Dit kan ook verwys na die duiwel wat voortdurend God se kinders voor God, as regter, vervloek. Die Heilige Gees as advokaat vertroos ons as beskuldigdes in hierdie hemelse hofsaak.

Waarom kan die wêreld hierdie Trooster nie ontvang nie, en waarom kon die apostels Hom ontvang?

_____

_____

Lees verse 18-21

Waarom sou die wêreld Jesus nie meer kon sien nie en in watter sin sou die apostels Hom kon sien?

_____

_____

Watter seëninge word geskenk aan diegene wat Hom liefhet?

_____

_____

Wat beteken dit om die Heilige Gees in jou lewe te hê? (Verwys na verse 16,17,18, 20 en 23)

_____

_____

God woon in die gelowige - Vader, Seun en Gees woon in die gelowige. Hierdie inwoning is spesifiek die werking van die Gees, maar vanweë die eenheid en identiteit in die drie-eenheid, is dit ook die Vader en die Seun wat in die gelowige woon. Hierdie gawe van die Gees maak elke gelowige die woonplek van God. Hierdie gawe van die Gees maak elke individuele gelowige, en gelowiges gesamentlik, die heilige tempel van God.

Lees verse 22-26

Sommige mense beweer dat gehoorsaamheid nie belangrik is nie, solank jy Jesus liefhet. Wat leer hierdie verse ons oor die gehoorsaamheid aan Jesus?

_____

_____

Wat sal die Heilige Gees vir die dissipels doen? En vir alle gelowiges vandag?

_____

_____

_____

Waar kan ons alles vind wat Jesus vir ons gesê het?

_____

_____

Deur die Bybel te bestudeer, sal ons alles verstaan wat Jesus ons geleer en beveel het om te doen. Sonder om die Bybel te bestudeer, sal ons nie verstaan hoe om Sy gebooie te volg nie en sal ons oop wees vir verdraaiings en leuens wat die duiwel en valse profete oor Jesus sê.

SLOTOPMERKINGS:

Om regtig te hoor, is om te glo; om te glo, is om die opdrag van Christus te gehoorsaam. Dit is om in Hom te glo en

om Sy leer te gehoorsaam, dat geloof in hom noodsaaklik is. Om dit alles te doen, is om Hom lief te hê. Die Heilige Gees word dus, soos gesê in Johannes 7:38,39, gegee aan diegene wat in Christus glo. Nie diegene wat oppervlakkig by hom aansluit vanweë die vermeende voordele nie, maar vir diegene wat regtig weet dat hulle van aangesig tot aangesig voor God staan as hulle Jesus Christus sien.

Die gelowige se moed en vertroue sal versterk word deur te onthou wat Jesus gedoen het. Hy het dit gedoen, sodat “die wêreld” kon weet dat Hy die Vader liefhet. Ons word geroep om hom te volg en moet so optree dat “die wêreld” sal weet dat ons Hom liefhet.

GEBED:

Dank jou hemelse Vader vir sy liefde en genade.
Dank Jesus dat Hy sy Gees gestuur het om jou te leer en te lei.
Sê vir Hom dat jy Hom liefhet.
Vra Hom om jou te help om die leiding van die Gees te volg om aan die wêreld te wys dat jy Hom liefhet.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

As julle My liefhet, sal julle my opdragte gehoorsaam.

Johannes 14:15

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 14:15-26

Besprekingsvrae

Terwyl Jesus sy dissipels voorberei het dat Hy op die punt staan om te sterf en dat Hy nie by hulle gaan bly nie, het Hy aan hulle 'n belofte gegee: Ek sal julle nie soos weeskinders in die steek laat nie; Ek kom terug na julle toe

Lees vers 16. Wie, het Hy gesê, sou Hy stuur om vir ewig by hulle te wees?

_____

Wat sou Hy doen? (verwys na vers 18)

_____

_____

Hoe sou Jesus nog steeds na hulle toe kom (vers 18) en in hulle woon (vers 20c)? (Verwys ook na verse 19b - 20, 23b)

_____

_____

Wat is die belangrikste voorvereiste vir bogenoemde om in die lewe van 'n dissipel te gebeur, wat Jesus gedurende hierdie paragraaf herhaal?

_____

_____

Hoe verwag Jesus dat Sy dissipels ons liefde vir Hom moet betoon? Sien verse 15, 21a) en 23a.

_____

_____

_____

Sluit af met gebed

leef IN CHRISTUS

Week 6

Sy vrede

Geheuevers:

Ek laat vir julle vrede na; my vrede deel ek met julle.

Johannes 14:27

Saam in Christus

DeoGloria Leeming

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 14:27-31

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Vrede! Dit is die tweede groot nalatenskap wat Jesus volgens Johannes 14 aan die gelowiges gee.

Om iemand vrede toe te wens, was 'n integrale deel van groet en afskeid neem in die Bybelse tyd.

Wanneer Jesus Sy dissipels vrede toewens, is dit nie net 'n verwysing na 'n gevoel van tevredenheid of afwesigheid van enige konflik of stryd nie. Hierdie vrede verwys na die toestand van verlossing wat gekom het nadat God sy Seun gestuur het om as 'n Lam tot versoening van ons sondes te sterf. Hierdie vrede bring vrede met God, vrede met jou naaste en vrede met jou innerlike wese.

Die wêreld belowe vrede, maar kan nie ware vrede gee nie. Slegs Jesus se vrede verseker kalmte te midde van die moeilikheid en dryf die vrees weg.

STUDIE VRAE:

Lees vers 27

Watter seën het Jesus in vers 27 belowe?

_____

_____

Wat leer die volgende verse ons oor die vrede van Christus?

Johannes 16:33	
Filippense 4:7	
Kolossense 3:15	

Verduidelik hoe Jesus se konsep van vrede verskil van die wêreld se konsep van vrede. Waarom kan die wêreld nie hierdie vrede gee nie?

_____

_____

G.L. Borchardt verduidelik die vrede wat Jesus gee, soos volg: *"This peace was the gift of Jesus which would calm their troubled hearts and ease their fears of his departure. It is the peace that Christians would come to experience in the post resurrection era of the Spirit, when Paul could proclaim the peace of Christ Jesus that goes beyond all human understanding and guards believers "hearts and minds"* (Filippense 4:7)."

Lees vers 28

Waarom moes die dissipels bly wees dat Jesus weggaan? (Verwys na Johannes 16:17)

_____

_____

Waarom het Jesus gesê: "omdat die Vader groter as Ek is"?

_____

_____

_____

Jesus is gelyk aan die Vader en een met die Vader (Johannes 10:30 en 12:45), maar terwyl Hy in sy vleesgeworde toestand is, is die Vader "groter". Wanneer Jesus na die Vader terugkeer, sal Hy sy totale en

noodsaaklike gelykheid en eenheid met die Vader hervat. Om terug te keer na die Vader beteken om terug te keer na Sy regmatige posisie.

Lees vers 29

Waarom het Jesus hierdie dinge verduidelik voordat dit gebeur het? Hoe sou dit die dissipels se geloof help?

_____

_____

Alhoewel Jesus hulle die verskriklike besonderhede gespaar het oor wat gaan gebeur, het Hy genoeg met hulle gedeel om hulle voor te berei. Hulle sou dus die diep geestelike betekenis van hierdie gebeure begryp, sodra die opstanding en Jesus se terugkeer na die Vader plaasgevind het. Dan sal die Gees hulle die betekenis wys, en hulle sal verstaan en glo.

Lees vers 30 en Johannes 12:31

Wie het Jesus gesê sou kom?

_____

Wat bedoel Jesus met *“hy het geen mag oor My nie”*?

_____

“Hy het geen mag oor my nie” is 'n forensiese idioom wat beteken 'hy het geen geldige aanklag teen my nie'. Dit is 'n verdere herinnering aan die motief van Jesus se verhoor. Die duiwel kon slegs ‘n saak teen Jesus maak as hy Hom van iets kon beskuldig, en Jesus was sondeloos.

Lees vers 31

Wat was Jesus op die punt om te doen?

_____
_____
_____

Hoe sou dit Sy liefde vir sy Vader toon?

_____
_____
_____

Jesus was op die punt om aan die kruis te sterf. Hierdie gebeurtenis, hierdie dood wat lyk soos 'n nederlaag, is die laaste bewys dat die Seun die werk van die Vader doen. Hierdie gebeurtenis, hierdie dood, is die hoogtepunt van die Vader se reddingswerk in en deur sy Seun, beplan en bepaal reeds voor die begin van die tyd.

Die wêreld en die duiwel dink miskien dat Jesus deur Sy dood verslaan is, maar Jesus se gehoorsame dood regverdig Hom en toon hoe innig Hy die Vader liefhet.

SLOTOPMERKINGS:

Toe Jesus sê: *Ek laat vir julle vrede na; my vrede deel Ek met julle*, was dit meer as die gewone afskeidsseën van vrede in die Joodse- en Griekse gebruik. Jesus wou nie gehad het dat Sy vertrek sy dissipels onveilig moes laat voel nie, want die vertroue, liefde en vreugde wat Jesus se lewe gekenmerk het te midde van teenstand en konflik, sou aan hulle beskikbaar gestel word.

Die kontras is nie primêr tussen Jesus se vrede en die wêreld se vrede nie, maar tussen die manier waarop Jesus gee en die manier waarop die wêreld gee. Die wêreld se toekenning van vrede is 'n voorwaardelike, onderhandelde en kontraktuele saak, terwyl die vrede van Jesus onvoorwaardelik en onberekenbaar is.

Soos God die Gees aan die Seun gee, sonder om terug te hou, word Jesus se geskenk van vrede deur Sy lewe aan die gewelddadige dood oor te gee, gekenmerk deur die oormatige vrygewigheid van liefde.

Daarom kan ons die veiligheid van die ewige lewe reeds by Jesus ervaar. Sy vrede moet sigbaar gemaak word deur ons oortuigings en ons lewensstyl. Waar vrede heers, het vrees of angstigheid geen beheer nie.

GEBED:

Dank Jesus vir Sy vrede.
Dank Hom dat Hy die Heilige Gees gestuur het om jou te lei en te vertroos.
Vra Hom om jou te help om 'n lewe te lei wat wys dat Hy in beheer is. 'n Lewe waar vrede heers en waar vrees en angstigheid geen beheer het nie.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Ek laat vir julle vrede na; my vrede deel ek met julle.

Johannes 14:27

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 14:27-31

Besprekingsvrae

Deel met die groep wat jy geleer het oor Jesus se belofte van vrede aan al Sy volgelinge. Bespreek en skryf neer wat jy verstaan wat Jesus bedoel het met die begrip 'vrede'.

_____

_____

_____

Die vrede van Jesus is anders as die vrede van die wêreld. Wat is die twee verskille wat Jesus in vers 27c noem?

_____

_____

_____

Lees verse 30-31. Bespreek met mekaar of jy kan herken hoe Jesus hierdie twee verskille in Sy eie lewe getoon het.

_____

_____

_____

Wat leer die volgende verse oor Jesus se vrede?

Johannes 16:33	

Filippense 4:7	
Kolossense 3:15	

Sluit af met gebed

leef IN CHRISTUS

Week 7

Bly in Jesus!

Geheuevers:

Julle moet aan My verbonde bly soos ek aan julle.

Johannes 15:4a

Saam in Christus

DeoGloria
Leeming

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 15:1-17

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Een van die dringendste vrae van die moderne mens is die vraag hoe om God te verstaan. Mense vra steeds: Hoe kan ons die verhouding tussen God en mens beskryf? Hoe is dit moontlik om 'n persoonlike verhouding met God te hê? Hoe kan ons verstaan dat God in ons woon en dat ons in God moet leef?

Jan A du Rand skryf dat Johannes 15 'n duidelike prentjie skets, naamlik: Ons Christelike lewens is soos 'n silhoeët teen God se nuwe sonsopkoms. Hy sê Johannes 15 kan soos volg voorgestel word:



STUDIE VRAE:

Hierdie week gaan ons fokus op die eerste opdrag wat voortvloei uit die Vader-Seun-dissipel-verhouding, naamlik: Bly in Jesus (verse 1-4a).

Lees vers 1

Wat impliseer Jesus se stelling, *"Ek is die ware wingerdstok"*?

_____

_____

Soos baie van die vorige "*Ek is"*- uitsprake van Jesus (*'Ek is die brood van die lewe'*, *'Ek is die lig van die wêreld*', '*Ek is die goeie herder'*) – veronderstel hierdie stelling: "*Ek is die wingerdstok"*, sekere vooraf kennis by Sy hoorders. Dit is 'n eksklusiewe eis. Dit verbied en ontken die bestaan van enige geldige en lewensvatbare alternatief. In hierdie bewering identifiseer Jesus homself uitdruklik as die ware wingerdstok, dit wil sê die ware wingerdstok in teenstelling met valse wingerdstokke. Hierdie identifikasie maak enige verhouding met enige ander bron van geestelike voeding en lewe, ongeldig en onproduktief.

As die wingerdstok, is Jesus die enigste ware bron van geestelike lewe. Ons sien dit herhaaldelik in Johannes se Evangelie.

Wie is die tuinier?

_____

_____

Die Vader is die Een wat uiteindelik in beheer is - dit is die Vader wat die Seun gestuur het om die Verlosser van die wêreld te wees, sodat ons hierdie lewe in en deur die Seun kan hê; dit is die Vader wat die Gees stuur om ons in te woon, te onderrig en te transformeer.

Lees vers 2

Wat is die werk van die tuinier?

_____

_____

Wie word deur die takke verteenwoordig? Wat is die verskil tussen vrugtelose takke en vrugbare takke?

_____

_____

_____

Waarom is die snoeiproses belangrik? Wat gebeur as die takke gesnoei word?

_____

_____

Die tuinier (wynboer) sorg vir verhoogde vrugbaarheid deur die dooie takke te verwyder (af te sny) en deur ongewenste dele van die vrugbare take te verwyder. Deur die vrugbare takke te snoei, sorg die tuinier vir 'n oorvloediger oes.

Lees vers 3

Hoe snoei die tuinier (wynboer) elke tak?

_____

_____

Wat moet alle Christene aanhou absorbeer en gehoorsaam om “'skoon” te bly?

_____

_____

Die Woord van God is die enigste manier waarop gelowiges skoon en vrugbaar kan bly. Dit is die snoei-gereedskap wat die Tuinier gebruik.

Lees vers 4a

Wat beteken die woord “bly” (verbonde bly)?

_____

_____

Bly of verbonde bly beteken om voort te gaan in 'n bepaalde toestand; om aan te hou; te verduur. Dieselfde Griekse woord waarmee ons bly of verbonde bly vertaal, word in die volgende verse gebruik. Wat leer hierdie verse ons van wat dit beteken om in Christus te bly (verbonde te bly)?

Johannes 6:56	
1 Johannes 2:6	
2 Johannes 1:9	
Jakobus 1:25	

Vers 4a is 'n opdrag met 'n belofte. Wie se verantwoordelikheid is dit om te sorg dat die tak in die wingerdstok bly?

_____

_____

Die opdrag om in Jesus te bly, impliseer dat gelowiges verantwoordelik is om daardie lewensbelangrike verbintenis met Jesus te handhaaf.

Hoe bly ons in Jesus? Wees prakties met jou antwoorde.

_____

_____

_____

Dit is ons verantwoordelikheid om te sorg dat ons Sy Woord bestudeer en volgens Sy gebooie leef. Ons moet 'n intieme, lewende, groeiende verhouding met Jesus soek. Jesus bly in ons wanneer Sy Woord in ons bly.

SLOTOPMERKINGS:

In 'n tyd waarin alles tydelik is en altyd verander, is dit 'n ongewone opdrag om in Christus te bly. Mense is gewoond daaraan om op te gee na min moeite, en die

gesegde: *"Dit is te moeilik",* het van jongs af deel van ons woordeskat geword.

Net soos die groeikrag van ‘n tak uit die wingerdstok kom, so kom die krag van die Christene ook van Jesus Christus. Ons kan nie groei tensy ons by Jesus bly nie. Die hartseer werklikheid van vandag is dat baie Christene nie in Jesus bly nie.

Die meeste mense verwag dat God daar sal wees as daar 'n behoefte in hul lewe is, maar hulle teer nie op die Woord van God nie. Die voeding kom van die wynstok. As die tak nie daagliks deur die Woord gevoed word nie, sal die tak sterf. Om God se wil te doen, moet ons God se wil ken. God se wil in jou lewe word in Sy Woord gevind. Daaglikse Bybellees en -studie gee Christene goeie geestelike groei en maak ons 'n sterk tak.

Vir gelowiges is die enigste manier om in geloof te groei en vrugte te dra, om in Christus te bly. Om in Jesus te bly, beteken om Sy gebooie te onderhou. Om Sy gebooie te onderhou, beteken om God met ons hele hart en siel en verstand lief te hê en ons naaste lief te hê soos onsself (Matteus 22:37-39).

Om in Christus te bly is nie 'n gevoel of gebruik nie, maar 'n manier van leef. Dit beteken om “te bly” of “verbonde te bly” en behels veel meer as net die idee van voortgesette geloof in die Verlosser. Ons bly verbonde aan Christus deur 'n verhouding. Ons streef daardie verhouding in liefde na. Ons voed daardie verhouding deur Sy Woord te gehoorsaam.

GEBED:

Dank Jesus vir Sy liefde en genade.
Dank Hom dat Hy in jou bly en jou lei deur die Heilige Gees.
Vra Vader om jou te help om deur geloof te wandel en om met intensionele aksies Sy liefde met ander te deel.
Vra Hom om jou te help om gefokusde tyd in Sy Woord te spandeer, sodat jy van Hom kan leer.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Julle moet aan My verbonde bly soos ek aan julle.

Johannes 15:4a

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 14:27-31

Besprekingsvrae

In hierdie gedeelte, wie word verteenwoordig deur:

Die Wingerdstok: _____

Die Tuinier: _____

Die Takke: _____

Waarom is hierdie "*Ek is*"-uitspraak van Jesus so belangrik? Wat beteken dit vir jou?

_____

_____

_____

Lees vers 2. Waarom is die snoeiproses nodig? Wat gebeur as takke gesnoei word? Watter twee opsies het die tuinier ten opsigte van snoei?

_____

_____

Bespreek waarom dit nodig is vir gelowiges wat reeds vrugte dra om gesnoei te word.

_____

_____

_____

Lees vers 4. Wat beteken die opdrag om in Jesus te bly in die praktyk? Hoe beïnvloed dit die manier waarop jy leef? Bespreek.

_____
_____
_____

Wat is die gevolge daarvan om in Jesus te bly?

_____
_____
_____

Sluit af met gebed

leef IN CHRISTUS

Week 8

Dra vrug!

Geheuevers:

Dis is juis hierin dat my Vader verheerlik word dat julle baie vrugte oplewer en my dissipels is.

Johannes 15:8

Saam in Christus

DeoGloria Leeming

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 15:1-8

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Dit is onmoontlik om sonder Christus geestelike vrug te dra. Dit beteken ons moet in gemeenskap en eenheid met Jesus Christus leef.

Geen Christen kan regtig leef sonder 'n volgehoue en totale afhanklikheid van Jesus nie.

God verwag van ons om nie net vir Sy eie vreugde vrugbaar te wees nie, maar Hy wil hê dat ons vrugbaar moet wees omdat dit goed is vir ons. God is lief vir ons en Hy weet dat dit ons sal help om 'n meer vervullende, betekenisvolle, gelukkiger en geseënde lewe te hê, as ons vrug dra.

STUDIE VRAE:

Hierdie week sal ons fokus op die tweede opdrag wat voortvloei uit die Vader-Seun-dissipelskap-verhouding: Dra vrug.

Lees vers 4-5

Wat moet gelowiges - dit wil sê takke aan die wingerdstok - doen om “vrug te dra” vir God?

_____

_____

Net soos die groeikrag van die tak van die wingerdstok kom, so kom die sterkte van Christene ook van Jesus Christus af. Ons kan nie groei en vrug dra, as ons nie verbonde bly aan Jesus nie.

Kan jy 'n persoonlike voorbeeld onthou van toe jy self probeer het om iets goeds te produseer? En toe jy iets gedoen het onder die leiding van die Gees en met Christus se hulp? Wat was die hoofrede vir mislukking in teenstelling met sukses?

_____

_____

_____

Die krag om geestelike vrug te dra, bestaan slegs as ons ons krag uit Hom put. As ons van die liggaam van die wingerdstok (Jesus) afgebreek word, sal ons net 'n gebreekte, dooie tak wees. Die krag om te wees wat God ons wil hê, lê in ons verhouding met Jesus Christus (die wingerdstok).

Lees vers 6

Waarom word takke van die wingerdstok afgesny?

_____

_____

Wat word van hierdie takke?

_____

_____

Wat beteken dit in terme van jou eie persoonlike lewe?

_____

_____

Die beeld hier is een van vernietiging. Dit beeld die oordeel wat wag op almal wat nooit gered is nie, uit. Dit verwys na mense wat veronderstel is om Christene te wees en in werklikheid huigelaars is.

Net soos dooie takke van 'n wingerdstok versamel en verbrand word, sal die wat nie in God bly nie, vir ewig *na die hel toe gaan, in die onblusbare vuur* (Markus 9:43).

Lees vers 7

Watter belofte het Jesus in vers 7 gemaak?

_____
_____

Dit klink asof alle gebede verhoor sal word. Daar is egter twee voorvereistes vir beantwoorde gebede wat in vers 7 genoem word. Lys dit hieronder.

_____
_____
_____
_____

Die belofte van beantwoorde gebed is gebaseer op die dissipel wat as agent van Jesus se wil optree (verwys na Johannes 16:23-26). Die belofte is vir onbeperkte middele om die werke van God te doen.

Jesus sê hier dat dié wat in Hom bly (voortdurend woon) en die Woord van God in hulleself bewaar, God behaag. Dit is Jesus se volgelinge wat Sy wil volkome hulle wil gemaak het. Hulle gebede sal volgens die wil van God geskied. Hulle is vol van Sy wil, sowel as Sy Woord. Hulle gebede word positief beantwoord, omdat dit ooreenstem met die wil van God (verwys na Jakobus 5:16).

Lees vers 8

Hoe word die Vader verheerlik?

_____

_____

Hoe het Jesus die hoeveelheid vrug beskryf wat ons moet dra?

_____

_____

Wat leer dit ons van ywer en volharding in God se diens? (Verwys na verse 2, 5 en 8)

_____

_____

Maak 'n lys van die vrug wat gelowiges moet dra (noem soveel soos jy kan). (Verwys na Galasiërs 5:19-24 en 2 Petrus 1: 5-7 vir hulp)

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Diegene wat versterk word deur hul verhouding met Jesus Christus, behoort geen probleem te hê om vrug te dra vir die koninkryk nie. Jesus is nie net ons bron van krag nie, maar ook ons voorbeeld. Ons moet 'n verlengstuk van Sy werk wees.

Ons is die werkende arm van ons leier, Jesus Christus. Jesus werk deur ons om meer mense in die koninkryk in te bring. Die Vader is verheug in ons wanneer ons die wense van sy Seun uitvoer. Die hoeveelheid vrug wat ons dra, hang heeltemal af van ons afhanklikheid van die wingerdstok. 'n Dissipel is 'n gedissiplineerde persoon wat sy meester volg.

SLOTOPMERKINGS:

In die Skrif is **vrug** 'n metafoor wat gebruik word om die uiterlike demonstrasie van jou innerlike ingesteldheid te beskryf. Ons "'vrug" sluit dinge soos ons gedrag, houding, woorde en gedagtes in. Vrug kan goed of sleg wees.

Natuurlik produseer alle mense slegte vrug (dit wil sê sondige optrede, dade of gedrag). Ons slegte gedrag/vrug is 'n natuurlike gevolg van geboorte met slegte harte (Psalm 51:7; Efesiërs 2:3; Romeine 5:12). Baie mense glo dat hulle 'n Christen is omdat hulle uiterlike "goeie" dade

doen, kerk toe gaan of gebore is in ‘n Christelike huis. God se Woord leer egter dat iemand wat wedergebore is deur die geloof in Jesus Christus en daarom 'n nuwe skepping is wat deur die Heilige Gees bewoon en bekragtig word (Johannes 3:3, 1 Petrus 1:23, 2 Korintiërs 5:17 en Romeine 8:9–11), ‘n Christen is.

Om 'n vrugbare Christen te wees, word nie bereik deur 'n lysie van goeie dade te voltooi nie, maar deur ons wese en karakter te laat verander, te vernuwe en geleidelik aan die beeld en gelykenis van Christus te laat voldoen (Romeine 12:2 en 2 Korintiërs 3:18). Om vrugbaar te wees, beteken om Christus te volg. Om lief te hê wat Hy liefhet. Om te doen wat Hy beveel vanuit 'n liefdevolle motief en met 'n vreugdevolle gees.

GEBED:
Loof God dat Hy jou Vader is.
Dank Hom dat Hy sy Seun gestuur het om jou van die ewige dood te red.
Vra Vader om jou te snoei en jou te help om vrug te dra in oorvloed.
Vra Hom om Homself deur jou lewe te verheerlik.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Dit is juis hierin dat my Vader verheerlik word dat julle baie vrugte oplewer en my dissipels is.

Johannes 15:8

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 15:1-8

Besprekingsvrae

Lees verse 4 en 5. Die manier om God te verheerlik, is om vrug te dra "wat bewys dat julle bekeer is" (Matteus 3:8). Wat moet gelowiges volgens Jesus doen om vrug te dra?

_____

_____

_____

Is dit genoeg om net 'n bietjie vrug te dra? Hoekom/Hoekom nie? (Verwys na vers 8)

_____

_____

_____

Lees vers 7. Hoe moet gelowiges Jesus se belofte in vers 7 verstaan en interpreteer? Beteken dit dat alle gebede met 'n “ja” beantwoord sal word? Bespreek.

_____

_____

_____

_____

Sien mense (die wêreld) die vrug van die Gees as hulle kyk na die manier waarop jy leef en optree? Sien hulle die vrug van die Gees in julle kerk? Bespreek redes waarom

die vrug moontlik nie teenwoordig is nie. Wat moet verander? Wees prakties in jou antwoorde.

_____
_____
_____
_____
_____

Sluit af met gebed

leef IN CHRISTUS

Week 9

Moenie moedeloos word nie!

Geheuevers:

As die wêreld julle haat, weet net dat hy My voor julle reeds gehaat het.

Johannes 15:18

Saam in Christus

DeoGloria Leeming

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 15:18-27

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Die boodskap van redding, lewe en hoop moet deur brose mense die wêreld ingedra word. Die wêreld haat Jesus se liefdesgemeenskap - nie om sosiologiese redes nie, maar om teologiese redes. Daarom is dit vanuit 'n menslike oogpunt so 'n riskante onderneming.

Jan A du Randt skryf soos volg in sy boek, *Liefdesnote tussen die wingerdlote*: *"In 'n wêreld wat plek-plek uitrafel as gevolg van sy aggressiewe aanslag teen en pretensies oor die Christelike boodskap, moet die gelowige sy of haar rug reguit maak en weerstand bied as deel van volharding. Nie net om te oorleef nie, maar juis om te oorwin."*

In Johannes 15:18-27 waarsku Jesus sy dissipels dat die wêreld hulle sal haat.

STUDIE VRAE:

Lees verse 18-19

Watter waarskuwing gee Jesus aan sy dissipels in verse 18-19?

_____

_____

Deur hulle vooraf te waarsku, verseker Jesus dat sy dissipels nie verbaas sal wees as hulle vervolging ervaar nie.

Waarom haat die wêreld die dissipels? Verwys na die volgende verse vir hulp.

Vers 19	
Vers 20	
Vers 21	
Vers 22	
Vers 23	
Verse 24 en 25	

Uit hierdie verse leer ons dat 'die wêreld' 'n heeltemal ander oorsprong en identiteit het as diegene wat aan Jesus behoort. Alhoewel ons ook voorheen aan die wêreld behoort het en die waardes daarvan gedeel het, behoort ons nou aan Jesus. Ons identifiseer ons nou met Sy oorsprong en Sy waardes en daarom is ons uitgeworpenes van die wêreld.

Lees vers 20

Waarom sê Jesus dat 'n dienskneg nie groter is as sy meester nie?

_____

_____

Die wêreld het Jesus gehaat en daarom sal die wêreld ook Jesus se volgelinge haat.

Hoe word die wêreld se haat teenoor Jesus se volgelinge volgens vers 20 getoon?

_____

_____

Is dinge vandag anders? Op watter manier?

_____

_____

Lees vers 21

Waarom haat vervolgers van Christene die naam van Jesus?

_____

_____

Wat van die mense wat “beweer” dat hulle “God” dien deur Christene te vervolg?

_____

_____

As hulle God werklik geken het, sou hulle herken wie Jesus is. Om Jesus te haat, is om die Vader te haat. Mense se reaksies op Jesus se volgelinge hang af van wie Jesus is, nie van wie hulle is nie.

Lees verse 22-24

Verduidelik Johannes 15:22-24 in jou eie woorde. In watter sin is dit waar dat die wêreld geen sonde sou hê as Jesus nie gekom het nie? Watter “sonde” is dit?

_____

_____

_____

_____

In die konteks van Jesus se waarskuwing aan Sy volgeling dat die wêreld hulle sal haat, gee Jesus vir hulle manière om hierdie haat te hanteer.

Lees die volgende verse en beskryf in jou eie woorde watter hanteringsmeganisme jy in daardie vers vind.

Vers 26	
Vers 27	
Johannes 16:1	

Vervolging en haat het menslik gesproke groot potensiaal om mense te laat opgee en te laat afwyk van hul 'geloof'. Omdat Jesus geweet het dat hierdie elf dissipels, sy vriende, haat en vervolging in die gesig staar, het gesê: *'Ek het hierdie dinge nou vir julle uitgespel sodat julle nie struikel nie'* (Johannes 16:1 NLV). En hier het ons die belangrikste hanteringsstrategie bo alle ander: dat ons aanhou om terug te gaan na die leer van Jesus, want dit

is die waarhede wat in die leer is wat ons voortdurend sal herinner aan en versterk in ons geloof.

Wat beteken dit in terme van jou eie persoonlike lewe?

_____
_____
_____
_____

SLOTOPMERKINGS:

Jesus se lering in die voorafgaande hoofstukke (Johannes 13:1 tot Johannes 15:17) was om die dissipels te versterk om die haat van die vyandige wêreld te verstaan en om te volhard ondanks hul haat. Jesus gee aan Sy volgelinge die Heilige Gees om hulle te versterk om voort te gaan met Sy werk. Maar as antwoord op geloof, vra Hy ook dat die nuwe liefdesgebod sigbaar sal wees namate Hy dit deur sy offer aan die kruis sigbaar maak.

As liefdesgemeenskap moet die volgelinge van Jesus vrug dra en hul eenheid met Jesus moet sigbaar wees, al het Hy na die hemel opgevaar. Selfs die haat van 'n vyandige wêreld moet hulle nie afskrik nie.

Vir getroue volgelinge van Jesus is die uitdaging om die liefde van Christus aan die wêreld te wys en daarvolgens te leef, al verwerp die wêreld Jesus en haat die Christene. Daarom is die antwoord op hierdie haat liefdevolle betrokkenheid en omgee.

Die Gees sal Jesus se werk voortsit deur die wêreld van sonde te oortuig en die waarheid oor Jesus te openbaar. Gelowiges moet oor Jesus getuig en moet nie ontmoedig word deur haat nie.

GEBED:

Dank God dat Hy sy Seun gestuur het om jou van die ewige dood te red.
Dank Jesus dat Hy die Heilige Gees gestuur het om jou te help en te lei in jou geloofspad.
Vra Vader om jou te help om nie moedeloos te word deur haat en vervolging van die wêreld nie.
Vra Hom om jou te help om van Sy liefde te getuig en Homself deur jou lewe te verheerlik.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

As die wêreld julle haat, weet net dat hy My voor julle reeds gehaat het.

Johannes 15:18

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 15:18-27

Besprekingsvrae

Lees verse 18-19. Watter waarskuwing gee Jesus vir sy dissipels? Waarom waarsku Hy hulle?

_____

_____

Lees vers 20. Waarom het Jesus gesê: *"n Dienskneg is nie groter as sy meester*" nie? Bespreek.

_____

_____

Lees vers 21. Waarom haat vervolgers van Christene die naam van Jesus? Bespreek.

_____

_____

_____

Lees verse 26 en 27. Watter beloftes en hanterings-meganismes gee Jesus aan sy volgelinge om te volhard ten spyte van vervolging en haat? Bespreek hoe hierdie beloftes en hanteringsmeganismes jou geloofsreis beïnvloed.

_____

_____

Sluit af met gebed

GEHEUEVERSE

WEEK 1:

Ek het vir julle ’n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen.

Johannes 13:15

WEEK 2:

Ek gee julle ’n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.

Johannes 13:34

WEEK 3:

As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.

Johannes 14:7

WEEK 4:

Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.

Johannes 14:13

WEEK 5:

As julle My liefhet, sal julle my opdragte gehoorsaam.
Johannes 14:15

WEEK 6:

Ek laat vir julle vrede na; my vrede deel ek met julle.
Johannes 14:27

WEEK 7:

Julle moet aan My verbonde bly soos ek aan julle.
Johannes 15:4(a)

WEEK 8:

Dit is juis hierin dat my Vader verheerlik word dat julle baie vrugte oplewer en my dissipels is.
Johannes 15:8

WEEK 9:

As die wêreld julle haat, weet net dat hy My voor julle reeds gehaat het.
Johannes 15:18

BRONNE

Borchert, G. L. *John 12–21 (Vol. 25B, pp. 134–135*). Nashville: Broadman & Holman Publishers. 2002

Burger, CW, et al. *Woord teen die Lig Vol 4. Prediking by die Nagmaal. Johannes 15:1-17 – Eksegetiese aantekeninge.* NG Kerk Uitgewers, Kaapstad. 1982

Du Rand, Jan A. *Liefdesnote in die Wingerdlote – 'n Populêre verklaring van Johannes 13-17*. Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereniging. 1993

Lincoln, A. T. *The Gospel according to Saint John*. London: Continuum. 2005

Linde, Hans. *Nou ken ons U Here Jesus*. Bybelkor. 1983

Wright, T. *John for Everyone, Part 2: Chapters 11-21*. London: Society for Promoting Christian Knowledge. 2004

https://www.godswordforyou.com/bible-studies/the-gospel-of-john/442-study-18-john-141-14.html

https://studyandobey.com/inductive-bible-study/john-studies/john14-8-31/

https://www.cornerstonebaptistchurch.org/sermons/the-greater-works-of-love-john-1412-14/

https://bible.org/seriespage/lesson-76-doing-greater-works-jesus-john-1412-14

https://bible-studys.org/Bible%20Books/John/John%20Chapter % 2015.html

https://www.biblestudylessons.com/classbooks

https://bibleversestudy.com/johngospel/john15-bible-study.htm

Logos Library:

- Warren Wiersbe – Bible Exposition Commentary
- Die Bybellennium Eenvolumekommentaar – Christelike Uitgewersmaatskappy, 1999

2021